

## **2021 Teologiese fakulteite se advertensies op webwerwe**

### **HOE DIE DRIE NG KERK TEOLOGIESE FAKULTEITE HULSELF ADVERTEER:**

Opname gemaak van die teologiese fakulteite, hoe hulle hulself adverteer op webwerwe en ander plekke.

#### **Universiteit van Pretoria:**

In 'n promosievideo van die Universiteit van Pretoria (UP) wat op Youtube gelaai is op 18 Augustus 2021 ("UP's curriculum transformation") sê prof Jerry Pillay die dekaan van die teologiese fakulteit dat die fakulteit bewustelik probeer om te beweeg van 'n gereformeerde belydenisfakulteit na 'n ekumeniese, weens 'n verskeidenheid Christelike denominasies en tradisies (tans meer as 33).

Hier volg inligting in aansluiting by wat reeds hierbo geskryf is oor UP. Op die teologiese fakulteit se webwerf staan dat die Nuwe Testament gelees moet word uit 'n queer, feministiese, liberaal-teologiese, post-koloniale, anti-imperiale en Afrika-perspektief. Nog inligting vanaf die webblad :

- Lees die gelykenisse as simbole van sosiale transformasie om 'n post-moderne etiek te vestig op grond van die waardes in die gelykenisse van die historiese Jesus;
- Bestudeer antieke identiteite en identiteitsvorming, waar die fokus is op sowel identiteit as interseksionele identiteitsvorming, met 'n spesiale klem op geslag, godsdienstige identiteit, nasionaliteit en die stratifikasie van antieke samelewings (dws klas- en beroep-gebaseerde identiteite);
- Genesing in die Nuwe Testament: Om Afrika-modelle te ondersoek wat help om idees oor gesondheid en genesing in die Nuwe Testament te ondersoek, en
- Seksualiteit in die Nuwe Testament: Interpretasie van die tekste in die Nuwe Testament wat verwys na seksualiteit en homoseksualiteit.

#### **Universiteit van Stellenbosch:**

In die dekaan prof Reggie Nel se verwelkomingsboodskap skemer die voorgenome veranderings soos by UP ook deur. Hy skryf: "In hierdie jaar wil ons egter ook wyer, eerlike, maar deernisvolle gesprekke open. Ons doen dit as 'n gemeenskap in Afrika wat trots is op ons wortels.... Ons bly toegewyd en dra wêreldwyd by tot wetenskaplike navorsing en praktyk. Ons streef ook daarna om ons wye verskeidenheid studente voortdurend uit verskillende kontekste te bemagtig in terme van ras, geslag, ouderdom, denominasie en godsdiens, seksuele oriëntasie, sosio-ekonomiese status, ensovoorts.

## **Universiteit van die Vrystaat:**

Prof Rantsoa Letšosa die dekaan van die Fakulteit Teologie en Godsdiens (LW: dit is nie net meer fakultete van teologie nie) sê “die fakulteit bevind hom tans in 'n baie opwindende fase van sy bestaan”. Hulle koester die volgende strategiese waardes: 'n klassieke teologiese oriëntasie, rasse-, geslags- en kulturele inklusiwiteit, akademiese en intellektuele uitnemendheid en innovasie, geestelike en etiese integriteit, gemeenskaplikheid en gasvryheid.

Navorsingsprojekte kan gedoen word in enige van die volgende dissiplines: Ou Testament, Nuwe Testament, Sistematiese Teologie en Etiek, Praktiese Teologie, Kerkgeskiedenis en Polisie, Missiologie, Religiestudies, Jonathan Edwards Studies, Bybelse spiritualiteit, spiritualiteit en Bybelvertaling. Wat gemeenskapsdiens betref, poog die fakulteit om geleerdheid met gemeenskapsdiens in die ware sin van die woord te kombineer.